

30 Januarie

Skriflesing: Numeri 28:1-15

Fokusgedeelte: Numeri 28:2

Jou aanbidding is die kos vir God se vreugde oor jou

Jy is dalk al lankal uit jou ouerhuis uit, in elk geval al van die dag wat jy getroud is. Weet jy waarvan leef ouers as hulle kinders uit die huis uit is? Hulle leef van elke oproep, elke blyk van liefde. Ja, elke stukkie kontak wat jy met hulle het, laat hulle vol blydschap oor jou. Dis vir hulle soos kos en laat hulle vreugde oor jou groei.

God is ons Vader in die hemel en Hy word ook vol vreugde oor ons kontak met Hom. God skryf vir Israel gereelde tye van aanbidding voor. Hulle moes gereeld en gedissiplineerd hulle band met God onderhou. Elke oggend en elke aand moes hulle 'n lammetjie offer. Die offers moes hulle herinner dat God hulle God is en hulle sy volk is en dat hierdie verhouding tussen hulle en God baie belangrik is.

Jy is gedoop in die Naam van Jesus Christus om jou te herinner dat daar ook vir jou sondes 'n offer plaasgevind het en jou verhouding met God vir Hom baie belangrik is. Daarom vra die Here ook van jou gereelde kontak met Hom. Omarm jou dag met aanbidding van God.

Jou aanbidding is jou Vader in die Hemel se kos. Daarom het Hy vir Israel 'n wet gemaak sodat hulle dit nie sou vergeet nie. Elke oggend as jy opstaan moet jy onthou om jou offer aan die Here te bring – jou tyd in jou binnekamer. Elke aand moet jy onthou om jou offer aan die Here te bring – gaan op jou knieë en bid. Dan glimlag die Here vol blydschap oor jou en kan jy in vrede aan die slaap raak.

Sing: Psalm 103:7, 11

Ds DJ Bakker (Boksburg)